Resultate:
Sanga – Afrikaner

Deur Phillip Oosthuizen

Die Sernick Presisie-afrondingsprojek was 'n eksperimentele konsep. Die resultate wys dat die konsep werk en dat dit die potensiaal het om in voerkrale gebruik te word. Hou egter in gedagte dat die groei- en voerinnamedata slegs vir die 2015 Sernick-projek geld en nie veralgemeen kan word nie. Die model is wel generies en kan deur enige voerkraal gebruik word deur hul eie unieke data in te voer.

Die gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) oor die voertydperk was 1,50kg/dag, terwyl die gemiddelde daaglikse voerinname 8,78kg/dag was. Dit gee 'n voeromsetverhouding (VOV) van 5,85:1. 'n Ewekansige proefneming van tien diere is gedoen op die winsmaksimerende voertydperk en geslag. Die gemiddelde uitslagpersentasie was 57,5%, met 'n gemiddelde karkasgewig van 232kg en 'n gradering van A2/3.

Tabel 1: Voertydperke vir verskillende prysscenario's.

Karkasprys	R33		R34		R35		R36		R37	
Voerprys	Week	Dag	Week	Dag	Week	Dag	Week	Dag	Week	Dag
R2,40	17	119	18	126	18	126	19	133	22	154
R2,60	16	112	16	112	17	119	17	119	18	126
R2,80	15	105	15	105	16	112	16	112	17	119
R3,00	14	98	14	98	15	105	15	105	16	112
R3,20	12	84	13	91	14	98	14	98	15	105

Marginale koste

Figuur 1 is die uitset van die winsmaksimerende model. Die totale veranderlike koste was R2,55/kg voer vir week 1-6, R2,80/kg voer vir week 7-15 en R2,90/kg voer vir week 16-22. Die karkasprys was R35/kg. *Figuur 1* wys dat die waarde van die marginale produk (vleis) meer is as dié van die marginale koste (veranderlike koste) tot week 15. Daarna is die marginale koste meer as die inkomste. Op dieselfde punt raak die weeklikse (marginale) winsmarge negatief, terwyl die bruto winsmarge maksimeer. Op grond van hierdie kriteria word die winsmaksimerende voerperiode bepaal. Volgens die produksiedata en die 2015-prysscenario is die winsmaksimerende voerperiode dus 15 weke (105 dae). *Tabel 1* dui die alternatiewe winsmaksimerende voerperiodes aan vir verskillende prysscenario's.

Bruto winsmarge

Volgens *Tabel 1* verleng die voerperiode soos wat die karkasprys verhoog en raak dit korter soos wat die voerprys verhoog. Vir elke R3 wat die karkasprys verhoog, verleng die winsmaksimerende voerperiode met 1,8 weke of 12 dae. Vir elke R0,20 wat die voerprys verhoog, verkort die winsmaksimerende voerperiode met een week of sewe dae. Die voerkraal maak R80,60 per bees meer wins deur volgens die winsmaksimerende voerperiode te voer. In 'n scenario waar 'n voerkraal 10 000 beeste voer, sal hulle dus R806 038 meer wins per siklus kan genereer en teen 2,7 siklusse per jaar sal R2 176 302 miljoen meer wins per jaar gemaak word.

Figuur 1: PMFP-model uitset om die winsmaksimerende voerperiode aan te dui.



Invloed van prysveranderinge

Volgens die resultate kan 'n voerkraal hoër wins genereer deur hierdie diere 16 dae korter te voer as die normale voerperiode. *Tabel 1* dui aan dat prysveranderinge 'n invloed het op die winsmaksimerende voerperiode en in ag geneem moet word.

Vir meer inligting, kontak Phillip Oosthuizen by phil.oosthuizen@gmail.com.

Projekvennote: Universiteit van die Vrystaat se Departemente Landbou-ekonomie, Veekunde en Voedselwetenskap, sowel as die Sernick-groep, die Landbounavorsingsraad (LNR) en *Veeplaas*.

Alle resultate van die Sernick Presisie-afrondingsprojek wat in *Veeplaas* verskyn, is afkomstig van die projek se unieke omstandighede en uitleg. Die resultate word nie veralgemeen nie en is bloot die waarnemings in hierdie projek. Klimaat en hantering kan 'n groot invloed op die prestasie van voerkraalbeeste hê. Hou ook in gedagte dat hierdie proefdiere weekliks gehanteer is om die nodige data te versamel. VP